Navrae
Enquiries
IMibuzo

Direkteure: OBOS

Telefoon
Telephone
IFoni

Faks
Fax
IFeksi

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni

Verwysing
Reference
ISalanthiso

13/3/B
20021223-0016

OMSENDBRIEF : 0121/2003
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **PRINSIPALE VAN OPENBARE SKOLE, VOORSITTERS VAN SKOOLBEHEERLIGGAME, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE EN HOOFDE VAN AFDELINGS BY HOOFKANTOOR EN OBOS'e**

KORT OPSOMMING: *Die bestuur van leerderswangerskappe in Openbare Skole*

ONDERWERP: BEKENDMAKING EN VERSPREIDING VAN WKOD-BELEIDSDOKUMENT OOR DIE BESTUUR VAN LEERDERSWANGERSKAP IN OPENBARE SKOLE

1. Die aangehegte beleidsdokument vervang die afdeling oor Tienerswangerskap in Omsendbrief 0077/98: *Algemene Handleiding vir die Skorsing en Uitsit van Leerders uit Openbare Skole (met uitsondering van Openbare Skole vir Leerders wat daarheen gestuur of oorgeplaas is ingevolge die Kindersorgwet, 1983 (Wet 74/83) en/of die Strafproseswet, 1977 (Wet 51/1977)*.
2. Die vorige bestuursriglyne is gewysig om die demokratiese regte van swanger leerders tot toegang tot onderwys en dieselfde geleenthede vir ontwikkeling as enige ander leerder wat geregtig is op skoolbywoning, te beskerm.
3. Om ooreenstemming met die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid soos vasgelê in die Grondwet van die RSA, Wet 108/1996, te verseker, word daar van prinsipale en beheerliggame verwag om leerderswangerskap ingevolge die riglyne in hierdie beleid te hanteer.
4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief en die ingeslote beleidsdokument onder die aandag van alle personeel en ouers.

GETEKEN: R.B. SWARTZ
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2003:05:13

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
Beleid vir die bestuur van leerderswangerskap in openbare skole (grootte: 21 KB)

na bo